**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

8 November 2024

Geagte Ouers en Voogde

**OORSKAKELING NA NUWE BANKREKENING BY FIRST NATIONAL BANK (FNB)**

Ons wil u hiermee inlig dat die skool se bankrekening vanaf ABSA na FIRST NATIONAL BANK (FNB) oorgedra word. Hierdie verandering bied verskeie voordele vir die skool en help ons om ons finansiële prosesse te verbeter.

Die nuwe FNB-bankrekening is reeds geopen, en ons versoek dat u asseblief **NOU** reeds alle betalings na die nuwe rekening maak. Die besonderhede vir die nuwe rekening is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | Hoërskool Oos-Moot |
| Bank | : | First National Bank (FNB) |
| Rekeningnommer | : | 63124628041 |
| Takkode | : | 210835 |

Ons verstaan dat die oorskakeling na 'n nuwe bankrekening tyd kan neem, en daarom bied ons ouers 'n grasietydperk tot einde Desember 2024. Vanaf Januarie 2025 sal slegs die FNB-rekening gebruik kan word vir alle skoolbetalings.

Ons waardeer ons ouers se begrip en samewerking in hierdie proses, en vertrou dat die oorgang glad sal verloop.

Enige navrae kan gerig word aan ons finansiële kantoor (finansies@oos-moot.co.za).

Oos-Moot groete

S THERON
TOESIGHOUDENDE HOOF